NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 19 – Uitgawe 15
23 April 2026

# Dans op die wrakke!

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Prof Julian Müller vertel in sy boek *Opstanding* van 'n dominee wat in Tshilidzini gewerk het en een Sondagmiddag 'n erediens moes lei. Terwyl die dominee vir sy lomerige gemeente preek, het hy uit die hoek van sy oog 'n seun op die kerkwerf sien drentel. Daar het 'n ou motorwrak op die terrein gestaan en die seun het al nader daaraan gestap, op die wrak geklim en passievol op die ritme in sy kop daarop gedans.**

Prof Müller vertel dat dit vir hom soos 'n metafoor vir die opstanding van Jesus geword het. *Jesus se kruis, dood en graf is die wrak. Maar, Jesus het uit die wrak, sy graf, opgestaan. En daarom dra die wrak nie die finale boodskap nie. Die wrak word die platform vir die finale boodskap.* 'n Boodskap van ongekende blydskap wat mense laat sing en voete in beweging bring.

Kom ons maak die metafoor van toepassing op die Kerk – daar lê oral op die Kerkterrein wrakke rond. Daar is gemeentes wat sukkel om finansieel te oorleef, 'n boodskap wat nie in 'n gesekulariseerde wêreld grond vat nie, leë sitplekke van veral jongmense, vakante gemeentes omdat predikante min word, ensovoorts.

Soms kyk ons in hierdie wrakke vas asof dit net monumente van die Kerk se mislukkings is. Dan is ons soos daardie gemeente in Tshilidzini wat lomerig na die opstandingsboodskap luister, maar nie hoopvol in beweging kom nie. Dit is dan wanneer ons dinge sê soos: *Kyk hoe min is ons. Ons boer agteruit. Ons is al weer net die simpel sewe!* Waar ons dit doen, het die wrak die finale sê.

'n Kerk wat die metafoor verstaan, is 'n kerk wat ook met 'n geloofsoog kyk. Dit is 'n kerk wat vanuit die opstandingsgeloof leef en vra: *Wat kan ons hieruit leer? Hoe kan ons hande vat, saamwerk en groei? Wat kan ons by ons jongmense leer? Hoe kan ons 'n gesekulariseerde wêreld op 'n ander manier ontmoet en bedien?*

En 'n kerk wat hierdie soort vrae vra, sien nie nét wrakke nie, maar potensiële platforms om vanaf te dans en dan het die wrak nie die finale sê nie.

Die 74ste Algemene Kerkvergadering (AKV) het heelwat besluite geneem wat die Kerk aanmoedig om nuut te dink oor kerkwees. In Besluite 9, 11 en 13 word nuwe strukturele vorme en innoverende bedieninge aangemoedig, want nuwe omstandighede vra soms nuwe danspassies. Besluit 12 moedig samewerking met ander gemeentes en kerke aan. Besluit 15 vra dat ouderlinge toegerus word om in nuwe modelle van kerkwees te ondersteun. En hierdie is maar net enkele voorbeelde van besluite wat die tafel gedek het vir 'n dans op die wrakke.

Wat ons nou moet doen, is om die narratief in die Kerk te verander van een waar ons in wrakke vaskyk na een waar ons wrakke as geleenthede sien. Dit gaan moed, kritiese denke, kreatiwiteit en geloof vra, maar dit kan!

Die Kommissie van die AKV gaan in die huidige termyn met elke ring in die Kerk gesels, sodat ons saam kan leer om wrakke in dansplekke te omskep. Ringsvergaderings word ook aangemoedig om by die tema aan te sluit.

**Ds Colin Hertzog**
**(Middelburg-Noord en lid van die Kommissie van die AKV)**

## Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 1 Mei. Die Kerk wens u ’n geseënde lewensjaar toe.**
    - Donderdag 23 April: Di F (Francois) Evert (Declercqville/Hartbeesfontein), en CJH (Casper) Steenkamp (emeritus)
    - Vrydag 24 April: Ds HP (Herman) van den Berg (emeritus)
    - Saterdag 25 April: Dr WAJ (Wimpie) van Schoor (Primrose-Oos)
    - Sondag 26 April: Ds HPF (Paul) Kern (emeritus)
    - Maandag 27 April: Dr KD (Kálmán) Papp (emeritus)
    - Dinsdag 28 April: Ds P (Pieter) Rossouw (Mafeking/Zeerust)
    - Vrydag 1 Mei: Ds NM (Nick) Alberts (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 27 April** bereik vir die vergadering van **8 Mei**. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- Die Kommissie van die AKV verleen op **31 Mei 2026 emeritaat** aan **dr GC Lindeque**. Die oorhandiging van die akte van emeritaat vind DV tydens ’n dankdiens op **Sondag 10 Mei 2026** om 11:00 by **Gemeente Swartkop** plaas. Lidmate en kollegas is welkom om die geleentheid by te woon. Laat weet asb **teen 30 April** indien u beplan om die geleentheid by te woon deur ’n boodskap na 082 374 8703 te stuur.




Ds Schalk Zastron

- **Ds Schalk Zastron** (Ermelo) het die beroep na **Gemeente Grimbeekpark** aangeneem. Hy word op **7 Junie** in die gemeente bevestig.

## Vergaderings

- Vrydag 24 April — Oudit- en Risikokomitee
- Dinsdag 28 April — TOF Beurs- en Leningskomitee

## Kom kyk saam




- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Hierdie episode is aangebied deur **Lane Truscott**. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Laat gerus vir ons kommentaar en deel u gedagtes oor die Blitsflits. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is beskikbaar op sosiale media en YouTube.

## Kerklike en ander publikasies






## ’n Gedig

**Die verloop van die lewe**

Gister was die dood by ons
en ons het hom gegroet

Vanoggend ’n geboorte
wat vroeg kom inloer het

Twee uiterstes
ons gaste binne 24 uur

’n Laaste asem
het stil afskeid geneem
en ’n nuwe een
het lewe uitbasuin

**Adri Roothman**
https://maroelamedia.co.za/afrikaans/gedigte/gedig-die-verloop-van-die-lewe/

## Fondsinsamelings en Kerksake



- **Gemeente Potchefstroom** nooi almal uit na die **Noordwes Motorskou, Basaar en Antieke Veiling**. Dit vind op **Vrydag 1 Mei 2026** vanaf 09:00 tot 13:00 op die **Kerkplein** plaas. Daar gaan 'n groot verskeidenheid blink **veteraanmotors** wees asook 'n **veiling van antieke artikels** wat in die kerksaal gaan plaasvind. **Jakkie Louw** gaan ons gaskunstenaar wees. Dit is nie al nie – daar gaan ook 'n pragtige hondevertoning aangebied word. 'n Groot verskeidenheid basaarkos gaan te koop wees asook 'n gratis pretpark vir die kinders. Toegang vir volwassenes is R60, skoolgaande kinders is R30 en voorskoolse kinders is gratis. **Vir navrae kan die kerkkantoor gekontak word by 018 293 2672**.

- Die Kerkraad van **Gemeente Benoryn** (Benoni) nooi hiermee alle voormalige predikante, lidmate en belangstellendes hartlik uit om die gemeente se **85-jarige bestaansjaar** saam te vier. Die viering vind op **24 Mei 2026** plaas met 'n erediens om **09:00**. Na afloop van die erediens sal daar as gemeente saam geëet word. U word vriendelik uitgenooi om ook aan hierdie geleentheid deel te neem. **Vir verdere navrae of om u bywoning te bevestig**, kontak asseblief vir **Corné by 083 391 1368**.

## Toerusting




- Dit **WHT se jaarlikse konferensie** vind op **28 en 29 Oktober 2026** te Gemeente Pretoria-Oos plaas. Die tema vir die kongres is: *Die ver-beelding en ver-woording van geloof in kuns, musiek, letterkunde en argitektuur.* **Stuur gerus 'n e-pos** na **antoejvr@gmail.com** indien u dalk sou belangstel **om 'n akademiese bydrae** tydens die kongres te lewer.



# KI-KATS

Demonstrasievideo-KLIK




**Die SGB Werkgroep vir Jeugbediening stel bekend:**

KI-Kats

'n Nuwe innoverende aanlyn Hoërskool Kategese Sisteem

- 2 Kurrikulums met 410 lesse beskikbaar.
- 'n AI-Tutor sisteem
- 'n AI-verslag sisteem

Leerders kan prente genereer, videos van les-interaksies genereer, 'n gedig genereer en 'n liedjie genereer. Leerders klets met die AI-tutor, beantwoord vrae, leer Bybeltekste, en stel self vrae.


- 'n Globale punteleer vir alle leerders.
- Volledige dinamiese lesplanne vir alle mentors.

Toegang is slegs R100.

Probeer vandag die eerste les gratis.

**https://www.dramekaarselaste.co.za > Meer > Vir Kinders > Geloofsonderrig H/S**

**Inligting: deon7373@gmail.com**



## AANLYN DOOPKATEGESE

Die aanlyn doopkategesekursus is nou beskikbaar op die DraMekaarSeLaste toepassing.

- Die kursus is ideaal vir doopouers om die sakrament en hul doopbelofte beter te verstaan.
- Predikante kan dit ook as aanvullend tot hul doopkategese-gesprek gebruik.

Die kursus is beskikbaar teen R100 en is beskikbaar by:

**https://www.dramekaarselaste.co.za/**

> Meer > TOERUSTING > Geloofsgroei.

## Jeug- en studentesake

### Kom studeer Teologie by die HTK

Die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) nooi jou uit om aansoek te doen om Teologie te studeer, waar jy saam met ander jong gelowiges jou roeping kan verken en ontwikkel, jou geloof kan verdiep, krities kan leer dink en voorberei kan word om met insig en integriteit diensbaar te wees aan die kerk en die wêreld.

### Hoe om BETYDS aansoek te doen

1. Gebruik dié aansoekskakel: https://youtu.be/fZH3ACaZkIM?si=v446fvhoKh9K1_nl
   - Kies Faculty of Theology and Religion en dan die BDiv-opsie.
   - Sluitingsdatum: 30 Junie 2026
2. Laat weet jou predikant en gemeente dat jy aansoek gedoen het.
3. Stel die HTK in kennis, en stuur 'n e-pos om te bevestig aan:
   - Dr Hein Delport – hein@nhk.co.za
   - Clarika Hattingh – clarikah@nhk.co.za



- Klik ***hier*** as jy meer oortuiging van die huidige HTK-studente benodig om in te skryf om Teologie te studeer.



## Barmhartigheid

- **NHSV-uitbetalings – Mei 2026**

  Alle NHSV-takke en vrouelidmate word vriendelik herinner aan die **jaarlikse barmhartigheidsuitbetalings wat in Mei plaasvind**. Hierdie bydraes word hoofsaaklik aangewend vir die ondersteuning van bejaardes in nood. Die vraag na barmhartigheid neem voortdurend toe, en daarom bly elke bydrae en daad van omgee van onskatbare waarde.

  Die NHSV-Hoofbestuur doen opnuut 'n beroep op elke gemeente en NHSV-tak om met 'n **oop hand en 'n warm hart** deel te neem aan hierdie belangrike saak.

  Bejaardesorguitbetalings word jaarliks gemaak om **finansiële tekorte by die OTMT Ons Tuis-tehuise aan te vul** – spesifiek ten opsigte van behoeftige inwoners, instandhouding en algemene bedryfskoste. Daarbenewens word fondse ook beskikbaar gestel vir spesiale gevalle buite die Ons Tuis-groep, sodat bejaardes landswyd ondersteuning kan ontvang vir unieke behoeftes en versorging.

  **Die NHSV-uitbetalings vir Mei per gemeente/NHSV-tak is soos volg:**
  Bejaardesorg: R1.00 per belydende lidmaat
  Inrigtingsfonds: R1.00 per belydende lidmaat
  Administrasiefonds: R350.00 per gemeente
  Borgfonds OTMT: R300.00

  Die **Administrasiefonds** word aangewend om onder andere studielenings te ondersteun, asook om kostes verbonde aan die NHSV Nasionale Kongres, streekbyeenkomste en Hoofbestuurvergaderings te dek. Dit sluit ook administratiewe uitgawes van die NHSV-kantoor in, soos die versending van pakkies aan takke en gemeentes, drukwerk en aandenkings.

  **Betaalstaat en betalingsinligting:**
  Die betaalstaat is ***hier*** op die NHSV-webwerf **beskikbaar**. Alle betalings behoort verkieslik teen **31 Mei** die NHSV-Hoofbestuur te bereik. Betalings moet vergesel wees van 'n voltooide NHSV-betaalstaat en kan in die volgende rekening inbetaal word:

  Rekeningnaam: NHSV Hoofbestuur
  Bank: ABSA
  Rekeningnommer: 405 145 4181
  Takkode: 632005
  Verwysing: Gemeente/NHSV-tak se naam

  Sodra 'n betaling gemaak is (elektronies of per bankdeposito), word u versoek om die **NHSV-betaalstaat saam met die bewys van betaling** per e-pos na: **finansies@nhsv.org.za** te stuur. Vir enige **navrae of verdere hulp**, kontak gerus die NHSV-kantoor by 012 325 0117 of **admin@nhsv.org.za**.


  Ons spreek ons **opregte dank en waardering** uit vir elke gemeente en tak se volgehoue ondersteuning en barmhartigheidswerk. U bydrae maak 'n werklike verskil in die lewens van diegene wat dit die nodigste het.

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

6 Here, hoor tog my gebed
en gee tog aandag aan my smeekgebede.
7 In die tyd van my nood roep ek na U,
want U antwoord my.
11 Leer my u pad, Here;
ek wil in u waarheid leef.
Gee dat ek heelhartig vir u Naam ontsag sal hê.
12 My Heer, my God, ek wil U prys
met my hele hart;
ek wil u Naam vir altyd eer,
13 want u troue liefde teenoor my is groot:
U het my lewe weggeruk
uit die doderyk daar onder.
Amen.

**Psalm 86: 6-7 en 11-13 (AFR2020)**



Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger